

**14 November**

**Rigters 6:1-16**

(Teks: 6:14)

***Gaan in hierdie krag***

Die Here roep en rus sy gemeente toe om sy werk te doen, selfs in 'n tyd van totale moedeloosheid en van kleingeloof.

Gideon het vir die Engel gevra: "As die Here by ons is, waarom kom al hierdie dinge oor ons!" Gideon het gevoel dat die Here hulle in die steek gelaat het en dat hyself onbekwaam was om sy opdrag uit te voer. Maar Gideon moes leer dat sy roeping nie afgehang het van hoe hy voel of hoe dit rondom hom lyk nie, maar van God wat hom roep en toerus en stuur.

Die opdrag van Gideon was: "Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israeliete uit die mag van die Midianiete." Die krag was nie Gideon se krag nie. Gideon se krag het moedeloosheid en wanhoop tot gevolg gehad. Die krag hier ter sprake is God se krag wat in menslike swakheid volbring word. In Hebr. 11:34 word van Gideon vertel dat hy in swakheid krag ontvang het en in Rigters 6 word hy aangemoedig met die woorde: "Toe, Ek stuur jou."

Die waarborg van die krag vir al die gestuurdes en vir hulle oorwinning lê daarin dat die Vader sy Seun gestuur het. Hy het sy sending volbring en ons ook daartoe verlos om as Geesvervulde gesante sy opdrag uit te voer. Dit is God wat roep en toerus en stuur, daarom kan en moet ons ook in dankbare gehoorsaamheid ons roeping vervul.

Sing Psalm 89:7

Ds. J.B. du Plessis (Heilbron)